

Maandag 9 Augustus

Skrifgedeelte: Job 13:1-12 (binne die konteks van Job 12-13)	Fokusgedeelte: Job 13:1-3
---	---------------------------

Vertrou op God, selfs in jou diepste seer en pyn

Job kry swaar, so het ons agtergekom uit alles wat gesê is vanaf hoofstuk 3. Sy vriende, met hulle goedkoop en onnadenkende advies, maak alles erger. Dit verskerp en verdiep die pyn. Hy vat hulle daarvoor deeglik aan. Dan hoor ons Job wat weet dat God agter hierdie seer van hom sit, se versugting: om met God self te praat. Hy wil graag by God hoor wat agter alles sit. Hoor mooi: hy vertrou God ten volle en daarom sien hy kans om in gesprek met Hom te gaan. 'n Mens hoor hier iets van sekerheid dat God nie met goedkoop praatjies sal kom nie, maar dit sal sê soos dit is. Onthou: Job wil vra en stel homself bloot aan God se antwoord. Dit wys vertrou dat God in regverdigheid sal antwoord – al is dit nie wat Job wil hoor nie. Dit het hy later agtergekom toe God met hom begin praat het deur allerlei vrae.

Kom ons leer hieruit: net God weet waarom dinge gebeur soos ons dit beleef. Hy bestuur, so leer ons uit die Nuwe Testament, dat alles – dit sluit die negatiewe in – tot ons beswil is. So het God ook geweet waarom Jesus as mens alles deurstaan, al het sy dissipels keer op keer verstom gestaan. Ons hemelse Vader vanuit sy liefde was deur die gebeure met Jesus ter wille van ons besig. Weereens die besef: selfs al gaan ons deur die donkerste dieptes, ons kan Hom vertrou. Jesus bewys dit waar Hy uitroep: *Vader, in u hande gee ek my gees oor*. Daardie vertrou word beloon met die opwekking op die derde dag.

Vertrou God gerus deur alle omstandighede met jou totale lewe. Praat met Hom oor alles en raak rustig.

Sing: Psalm 146-1:1, 2, 3

Dr. P Fanoy (Piet) (Emeritus)